

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 10**

**NOVEMBER 2019**

**GEOGRAFIE V1**

**PUNTE: 225**

**TYD: 3 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAAG ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, behalwe wanneer jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE****VRAAG 1**

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 oor aardverwarming en beantwoord die onderstaande vrae.

1.1.1 Die styging in die gemiddelde temperatuur van die aarde word ... genoem.

1.1.2 Noem TWEE kweekhuiskasse (KHG'e) in die atmosfeer.

1.1.3 Die tipe gas wat deur beeste geproduseer word is (CFK/metaan).

1.1.4 Een hoofgevolg van aardverwarming wat veroorsaak dat die bogrond verdor, is (vloede/droogtes).

1.1.5 Die hoeveelheid koolstofdiksied wat 'n huisgesin, individu, maatskappy of ander groepe deur hulle aktiwiteite vrystel, staan as (koolstofvoetspoor/klimaatverandering) bekend.

1.1.6 Volgens FIGUUR 1.1, watter lewende organisme absorbeer koolstof?

1.1.7 Noem EEN moontlike oplossing vir aardverwarming wat in FIGUUR 1.1 sigbaar is.

(8 x 1) (8)

1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 wat kontinentale drywing aandui en beantwoord die vrae wat volg. Kies 'n letter **A** tot **C** wat by die onderstaande stellings pas. 'n Letter mag meer as een keer gebruik word.

1.2.1 Die hedendaagse wêreld

1.2.2 Die naam van die superkontinent wat ongeveer 200 miljoen jaar gelede bestaan het

1.2.3 Dié superkontinent is in twee gedeel

1.2.4 Die wêreld was een groot landmassa

1.2.5 Al sewe kontinente is duidelik identifiseerbaar

1.2.6 Die Atlantiese Oseaan is tussen die kontinente sigbaar

1.2.7 Groot pre-historiese kontinente in die suidelike en noordelike halfronde

(7 x 1) (7)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat 'n sinoptiese weerkaart aandui en beantwoord die volgende vrae.
- 1.3.1 Noem die front wat as **B** aangedui word. (1 x 1) (1)
  - 1.3.2 Identifiseer die hoogdruk sel gemerk **C** as die Suid-Atlantiese of Suid-Indiese hoogdruk. (1 x 1) (1)
  - 1.3.3 Beskryf TWEE kenmerke van die laagdruk sel genummer **D**. (2 x 2) (4)
  - 1.3.4 Verwys na die front genummer **A**.
    - (a) Identifiseer die front genummer **A**. (1 x 1) (1)
    - (b) Watter tipe reënval word met front **A** geassosieer? (1 x 1) (1)
    - (c) Bespreek DRIE moontlike weerstoestande wat met front **A** geassosieer word. (3 x 2) (6)
- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat die lae van die atmosfeer aantoon en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.4.1 Noem die lae wat **A**, **B**, **C** en **D** benoem is. (4 x 1) (4)
  - 1.4.2 Verskaf die benaderde afstand by laag **A**. (1 x 1) (1)
  - 1.4.3 Noem die laag wat die osoon (O<sub>3</sub>) bevat. (1 x 1) (1)
  - 1.4.4 Verduidelik waarom kommersiële vlugte (vliegtuie) gewoonlik net onder laag **B** vlieg. (1 x 2) (2)
  - 1.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die belangrikheid van die atmosfeer. (4 x 2) (8)
- 1.5 Verwys na FIGUUR 1.5 wat intrusiewe stollingsaktiwiteit en verskynsels aantoon en beantwoord die volgende vrae.
- 1.5.1 Definieer die term *intrusiewe stollingsaktiwiteit*. (1 x 1) (1)
  - 1.5.2 Noem verskynsels genummer **B**, **C** en **D** as 'n vulkaniese pyp, 'n lopoliet of 'n lakkoliet onderskeidelik. (3 x 1) (3)
  - 1.5.3 Wanneer die verskynsel gemerk **A** baie groot is, staan dit as 'n (monoliet/plaat) bekend. (1 x 1) (1)
  - 1.5.4 Noem TWEE landvorme wat met intrusiewe stollingsaktiwiteit geassosieer word. (2 x 1) (2)
  - 1.5.5 Beskryf die verskynsel wat **B** genummer is. (1 x 2) (2)
  - 1.5.6 Bespreek die vorming van verskynsels **B**, **C** en **D**. (3 x 2) (6)

- 1.6 Lees die gevallestudie aangaande die vulkaniese uitbarsting by Berg Sinabung in Indonesië in FIGUUR 1.6 noukeurig.
- 1.6.1 Hoeveel mense het in die 2010-uitbarsting gesterf? (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte woord tussen hakies te kies:
- Sinabung was (rustend/aktief) voordat dit in 2010 uitgebars het, en het nou een van dié Suidoos-Asiese nasie se (mees rustende/aktiefste) vulkaan geword. (2 x 1) (2)
- 1.6.3 Waarom sal Indonesië heelwaarskynlik meer vulkaniese aktiwiteit ervaar? (1 x 2) (2)
- 1.6.4 Verskaf redes waarom inwoners gewaarsku is om binnenshuis te bly. (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Bespreek die positiewe gevolge van vulkane vir die mense van Indonesië. (3 x 2) (6)
- [75]**

**VRAAG 2**

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.8 D.

2.1.1 'n Skielike oorvloed van water wat die aardoppervlakte bedek:

- A Vloede
- B Droogtes
- C Klimaatverandering
- D Osoonuitputting

2.1.2 Die temperatuur waarby water kondenseer is ...

- A doudpunt.
- B lugtemperatuur.
- C wolkdekking.
- D reënval.

2.1.3 Dit is die doelbewuste verwydering van bome:

- A Preservering
- B Bewaring
- C Bebossing
- D Ontbossing

2.1.4 Die hitte-energie wat deur die aarde uitgestraal word, staan as ... bekend.

- A geleiding
- B hittebalans
- C latent
- D aardstraling

2.1.5 Inkomende son- ... staan as insolasie bekend.

- A radiasie/straling
- B absorpsie
- C refleksie
- D verstrooiing

2.1.6 Watter van die volgende is 'n kweekhuisgas?

- A Stikstof
- B Suurstof
- C Koolstofdioxide
- D Argon

2.1.7 Die hoeveelheid waterdamp in die lug is ...

- A humiditeit.
- B dehidrasie.
- C kristallisering.
- D sublimasie.

(7 x 1) (7)

- 2.2 Pas die term in KOLOM B by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (2.2.1–2.2.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.9 K .

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	'n Gesteente wat deur hitte, druk of beide verander is	A	Gesteente-siklus
2.2.2	'n Gesmelte gesteente	B	Metamorfiese gesteente
2.2.3	Die siklus van prosesse wat veroorsaak dat gesteentes oor tyd vorm, opbreek, verander en hervorm	C	Antiklien
2.2.4	'n Voorbeeld van stollingsgesteentes	D	Sinklien
2.2.5	Die onderste gedeelte van 'n plooi	E	Stollingsgesteente
2.2.6	Berge wat gevorm word deur die kompressie van sedimentêre rotslae tydens plaatbeweging	F	Basalt
2.2.7	Gesteentes wat vorm wanneer magma afkoel	G	Gneis
2.2.8	Metamorfiese gesteentes wat uit graniet ontstaan	H	Plooiberge
		I	Magma

(8 x 1) (8)

- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 wat faktore wat temperatuur affekteer aantoon, en beantwoord die volgende vrae.

2.3.1 Noem die seestrome aan die:

- (a) Ooskus van Suid-Afrika (1 x 1) (1)  
 (b) Weskus van Suid-Afrika (1 x 1) (1)

2.3.2 Noem die oseane langs die kus van Amanzimtoti en Hondeklipbaai. (2 x 1) (2)

2.3.3 Onderskei tussen *maritieme klimaat* en *kontinentale klimaat*. (2 x 1) (2)

2.3.4 Bereken die temperatuurspeling (verskil in temperatuur) tussen Hondeklipbaai en Amanzimtoti. (3 x 1) (3)

2.3.5 Gee DRIE redes waarom die temperatuur by Amanzimtoti hoër as dié by Hondeklipbaai is, alhoewel beide op dieselfde breedteposisie is. (3 x 2) (6)

- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat reliëfreënval aantoon.
- 2.4.1 Hierdie tipe reënval is algemeen in die (Wes-Kaap/KwaZulu-Natal) provinsie van Suid-Afrika. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Noem die wolktipe wat in FIGUUR 2.4 aangedui is. (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Noem die tipe reënval wat in FIGUUR 2.4 getoon word. (1 x 1) (1)
- 2.4.4 Verduidelik hoe reliëfreënval ontstaan. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Reliëfreënval kan goed en swak wees vir boere in die provinsie waar dit voorkom. In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die positiewe en negatiewe gevolge van reliëfreënval op boerdery. (4 x 2) (8)
- 2.5 Lees die gevallestudie in FIGUUR 2.5 en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.5.1 Definieer die term *aardbewing*. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Waarom was die aardbewing in Nepal die doodlikste? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Noem die aantal mense wat in die aardbewing beseer is. (1 x 1) (1)
- 2.5.4 Bespreek die negatiewe gevolge van die aardbewing in Kathmandu. (2 x 2) (4)
- 2.5.5 Beskryf hoe geboue verbeter kan word om die gevolge van aardbewings te weerstaan. (1 x 2) (2)
- 2.5.6 Die oorlewendes van die aardbewing het vir bystand (hulp) vanoor die hele wêreld gevra. Stel DRIE maniere voor om oorlewendes by te staan. (3 x 2) (6)
- 2.6 Verwys na FIGUUR 2.6 wat die interne struktuur van die aarde aantoon en beantwoord die volgende vrae.
- 2.6.1 Identifiseer die lae wat met **1**, **2**, **3**, en **4** aangedui word. (4 x 1) (4)
- 2.6.2 Lys DRIE hooftepes gesteentes wat binne laag **1** of onder die aardoppervlakte ontstaan. (3 x 1) (3)
- 2.6.3 Beskryf TWEE gebruike van enige van die gesteentes wat in VRAAG 2.6.2 gelys is. (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Verduidelik TWEE belangrike gebruike van laag **1** vir mense. (2 x 2) (4)

[75]

**AFDELING B: BEVOLKING EN WATERBRONNE****VRAAG 3**

- 3.1 Kies die korrekte antwoord uit die onderstaande lys om by stellings (3.1.1–3.1.8) te pas. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer, byvoorbeeld 3.1.9 piramide.

demograaf; informele nedersettings; poligamie; streeksmigrasie;  
landelike ontvolking; sterfte; oorbevolking; MIV; xenofobie

- 3.1.1 Die praktyk om meer as een vrou terselfdertyd te hê
- 3.1.2 Die beweging van mense binne 'n land of 'n streek
- 3.1.3 Die afname van die getal mense wat in landelike gebiede woon
- 3.1.4 Onbeplande nedersettings wat uit lae-koste materiaal gebou is
- 3.1.5 Sterftes binne 'n gegewe bevolking
- 3.1.6 'n Virus wat CD4-selle, wat deel is van die liggaam se immunitietstelsel, aanval
- 3.1.7 Gebiede waar daar te veel mense vir die beskikbare hulpbronne om hulle te ondersteun
- 3.1.8 'n Persoon wat bevolkings bestudeer (8 x 1) (8)
- 3.2 Pas die term/konsep in KOLOM B met die korrekte relevante beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (3.2.1–3.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.9 K.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Om te boer met vis of ander seelewe vir voedsel in die see	A	Gruiswater
3.2.2	Die hoeveelheid sout in die see	B	Mariene besoedeling
3.2.3	Grootskaalse beweging van water vanaf een deel van die oseaan na 'n ander	C	Hidrologiese siklus
3.2.4	Gebruikte water wat nog skoon is	D	Wateroordrag
3.2.5	Die natuurlike sirkulering van water tussen die oseane, die atmosfeer en die land	E	Oseaan-seestrome
3.2.6	Bekendstelling van skadelike materiale in die oseaan	F	Mari-kultuur
3.2.7	Om water van een dreineringsbekken na 'n ander te skuif	G	Soutgehalte
		H	Oseaan

(7 x 1) (7)

- 3.3 Verwys na die gevallestudie in FIGUUR 3.3 oor MIV/Vigs en beantwoord die volgende vrae.
- 3.3.1 Wanneer (datum en maand) is Wêreld-Vigsdag? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 (a) Waarvoor staan die akroniem ARV? (1 x 1) (1)
- (b) Gee die aantal mense wat in 2018 vir ARV behandel is. (1 x 1) (1)
- (c) Noem TWEE Vigs-bewusmakingsveldtogte volgens die gevallestudie. (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Lewer kommentaar op die neiging van die MIV-infeksiemoeders van 2016 tot 2018. (1 x 2) (2)
- 3.3.4 Bespreek die impak van MIV/Vigs op die bevolkingstruktuur. (2 x 2) (4)
- 3.3.5 Beskryf TWEE strategieë wat gebruik kan word om die hoë MIV-voorkomssyfer in die land te verminder. (2 x 2) (4)
- 3.4 Verwys na FIGUUR 3.4 wat die gemiddelde lewensverwagting onder mans in Suid-Afrika toon.
- 3.4.1 Definieer die term *lebensverwagting*. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Watter provinsie het onderskeidelik die laagste en hoogste lewensverwagting tussen 2011–2016? (2 x 1) (2)
- 3.4.3 Vergelyk die lewensverwagting vir die jare 2011–2016 met 2016–2021. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Verduidelik TWEE faktore wat die lewensverwagting onder mans kan verminder. (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Bespreek DRIE maniere om mans te adviseer om hul lewensverwagting te verbeter. (3 x 2) (6)
- 3.5 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Die see-ekonomie word deur die regering as 'n groei-enjin erken omdat dit dien as 'n belangrike natuurlike hulpbron vir mense, toerisme, vakansies, vervoer, visvang en wetenskaplike navorsing. Die besoedeling van die oseaan is egter 'n groot probleem, aangesien dit die kwaliteit van die bogenoemde aktiwiteite verminder. Daar word voorspel dat plastiek teen 2050 meer as die visse in die see sal wees.

- 3.5.1 Noem enige TWEE toerisme-verwante aktiwiteite wat in die oseaan gedoen kan word. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Noem EEN besoedelende stof in die oseaan wat in die uittreksel genoem word. (1 x 1) (1)

- 3.5.3 Hoe kan die oseaan voordelig vir die mense van Suid-Afrika wees? (2 x 2) (4)
- 3.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek maatreëls wat getref kan word om die besoedeling van die oseaan te verminder. (4 x 2) (8)
- 3.6 Lees die gevallestudie in FIGUUR 3.6 en beantwoord die volgende vrae.
- 3.6.1 Volgens die gevallestudie, wat was die oorsaak van vloede? (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Noem die gevolge van die vloede op die ekonomie van die KwaZulu-Natal Provinsie. (2 x 1) (2)
- 3.6.3 Hoe het Dube-Ncube die inwoners en besoekers van die provinsie gewaarsku? (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Hoe sou jy motoriste aanraai om versigtig te wees op paaie wat oorstrom het? (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Bespreek DRIE bestuurstrategieë om die gevolge van vloede te verminder. (3 x 2) (6)
- [75]**

**VRAAG 4**

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.8 D.

4.1.1 'n Persoon wat as gevolg van politieke redes migreer, word 'n ... genoem.

- A politieke migrant
- B ekonomiese migrant
- C sosio-ekonomiese migrant
- D sosiale emigrant

4.1.2 'n Bedrag geld wat werkers na hul huisgesinne wat tuis is stuur, word ... genoem.

- A belasting
- B oorbetalings
- C swartbelasting
- D sakgeld

4.1.3 'n Persoon wat 'n plek besoek om vakansie te hou is 'n ...

- A trekarbeider.
- B toeris.
- C vlugteling.
- D aanvaller.

4.1.4 'n ... is 'n ongedokumenteerde migrant.

- A Wettige migrant
- B Trekarbeider
- C Ekonomiese migrant
- D Onwettige migrant

4.1.5 Watter van die volgende kan gebruik word om 'n hoë geboortekoers te beheer?

- A Poligamie
- B Migrasie
- C Voorbehoeding
- D Poliandrie

4.1.6 'n Grafiek wat 'n land se bevolking volgens ouderdomsgroepe en geslag aantoon, word ... genoem.

- A bevolkingsverspreiding
- B bevolkingsdigtheid
- C bevolkingsgeografie
- D bevolkingspiramide

4.1.7 ... kom voor as daar te veel mense vir die beskikbare hulpbronne voorkom.

- A Onderbevolking
  - B Oorbevolking
  - C Optimale-bevolking
  - D Gelyke-bevolking
- (7 x 1) (7)

4.2 Verwys na FIGUUR 4.2 wat verskillende fases van water aantoon en beantwoord die volgende vrae.

4.2.1 Gee EEN voorbeeld van die onderstaande fases van water:

- (a) Vaste stof
- (b) Vloeistof
- (c) Gas

4.2.2 Kies die mees toepaslike term/woord wat by die Griekse nommer (i–v) in FIGUUR 4.2 pas. Gebruik die volgende terme/woorde:

vriesing; smelting; kristallisering; kondensasie; verdamping

(8 x 1) (8)

4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die Somaliese vlugteling Hakeem woon die afgelope 20 jaar in Suid-Afrika. 'Ons het vanaf vervolging in ons geboorteland gevlug en ons is dankbaar dat Suid-Afrika ons toelaat om te bly. Daar is uitdagings, maar dit kan opgelos word deur onder mekaar en nie afsonderlik te woon nie' het Hakeem gesê.

[Aangepas uit <https://www.iol.co.za/dailynews>]

- 4.3.1 Definieer die term *vlugteling*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 (a) Waarom het Hakeem vanuit sy geboorteland gevlug? (1 x 1) (1)
- (b) Noem EEN besigheidsaktiwiteit waarby vlugteling in Suid-Afrika betrokke raak. (1 x 1) (1)
- 4.3.3 Noem TWEE uitdagings waarmee vlugteling in Suid-Afrika gekonfronteer word. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 Verduidelik hoe Suid-Afrikaners vlugteling kan bystaan. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Bespreek hoe Suid-Afrika voordeel uit die instroming van vlugteling in die land kan trek. (2 x 2) (4)

- 4.4 Verwys na FIGUUR 4.4 wat landelik-stedelike migrasie aantoon en beantwoord die volgende vrae.
- 4.4.1 Wat is *landelik-stedelike migrasie*? (1 x 1) (1)
- 4.4.2 (a) Lys TWEE stoot-faktore wat in FIGUUR 4.4 aangetoon word. (2 x 1) (2)
- (b) Lys TWEE trek-faktore wat in FIGUUR 4.4 aangetoon word. (2 x 1) (2)
- 4.4.3 Verduidelik die probleme wat stede sal ervaar as gevolg van die baie mense in stedelike gebiede. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Bespreek DRIE strategieë wat die regering kan aanwend om mense in landelike gebiede te hou. (3 x 2) (6)
- 4.5 Verwys na FIGUUR 4.5 en beantwoord die vrae wat volg.
- 4.5.1 Verwys na die staafgrafiek en skryf die volgende neer:
- (a) Die droogste dam (1 x 1) (1)
- (b) Die volste dam (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Noem TWEE maniere wat die Makhanda-munisipaliteit tans implementeer om die waterkrisis te bestuur. (2 x 1) (2)
- 4.5.3 Verduidelik TWEE gebruike van damme. (2 x 2) (4)
- 4.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe mense water volhoubaar by die huis kan bespaar. (4 x 2) (8)
- 4.6 Verwys na FIGUUR 4.6 en beantwoord die volgende vrae.
- 4.6.1 Waarvoor staan die afkorting WWF? (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Hoeveel is Suid-Afrika se visindustrie werd volgens die uittreksel? (1 x 1) (1)
- 4.6.3 Verduidelik TWEE belangrike ekonomiese faktore van die visserybedryf. (2 x 2) (4)
- 4.6.4 Hoe beïnvloed die oorvissing mense en oseane negatief? (2 x 2) (4)
- 4.6.5 Stel TWEE maniere voor wat die regering kan gebruik om te verseker dat die visbedryf volhoubaar is. (2 x 2) (4)

**[75]****GROOTTOTAAL: 225**



